



SWARTWATTEL

deur
HILDEGARD DE BEER
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Ofskoon die swartwattel (*Acacia mearnsii* De Wild., familie Fabaceae) van groot ekonomiese waarde vir Suid-Afrika is - hoofsaaklik vanweë sy tannienryke bas wat vir die leerlooi-proses gebruik word, en houtspaanders wat uitgevoer word - hou dit tog 'n groot bedreiging vir ons natuurlike plantegroei in. As dit uit die aanplantings na ander gebiede versprei, vorm dit dikwels digte ruigtes, en word die inheemse plantverskeidenheid deur 'n centonige see van swartwattel verplaas.

Die swartwattel staan ook bekend as swartbasboom, basboom, wattel, looiwattel en blikwortelboom. Die erkende Engelse naam is "black wattle", maar soms word die name "Australian black wattle", "tan wattle" en "wattle" gebruik.

MORFOLOGIE

Die swartwattel is 'n spreidende, doringlose, bladhoudende boom, 10 tot 30 m hoog, met 'n digte koniese of geronde kroon en donkergroen lower. Dit word gekenmerk deur taamlik baie ou hout en ou peule. Die bas is grysbruin tot swart, glad by jong bome maar skurf by ouer bome. Die dubbelveervormig-saamgestelde blare lyk baie soos

dié van die inheemse *Acacia*-soorte, maar kan tog maklik uitgeken word aan die donkergroen kleur en die groot aantal opgehewe nektarkliertjies wat op die bokant van die hoofaar, tussen die aansluitingspunte van die sy-are, voorkom. Die jong blaartjies het opvallende roes- of goudkleurige punte, en alle dele van die plant, met uitsondering van die blomme, is oortrek met fyn haartjies.

Die sterk gegeurde bleekgeel blomme in bolvormige bloeiwyses word in groepe op die punte van die takke gedra. Die blomtyd is laat in die winter of lente, tussen Augustus en November, met 'n piek in Oktober. Die peule is reguit of gekrul, grys-groen en afgeplat en effens ingesnoer tussen die sade. 'n Aantal peule is by een punt aan die bloeisteel geheg en hang dwarsdeur die jaar aan die boom. Die peule bars slegs langs een naat oop om swart sade met klein geelwit saadsteele vry te stel wat binne sowat 14 maande ryp word.

VERSPREIDING

Die natuurlike tuiste van hierdie plant is suidoostelike Australië, waar dit deel uitmaak van die ondergroei in *Eucalyptus*- (bloekom-) woude, of



*n Digte stand swartwattel wat die inheemse fynbos naby Mosselbaai binnedring

Inlas: Die donkergroen blare, bleekgeel bloeiwyses en grys-groen, effens ingesnoerde peule is kenmerkend van swartwattel

in digte stande langs paaie groei. Tans word dit intensief verbou in Indië, Japan, Suid-Afrika, Kenia, Tanzanië, Uganda, Brasilië, Uruguay en Argentinië, maar dit het in sommige van hierdie lande vanuit die plantasies versprei om oorbeweide of gebrande gebiede binne te dring.

Daar word gewoonlik aanvaar dat die eerste swartwattels in 1864 deur 'n boer in die omgewing van Camperdown in Natal vanaf Australië ingevoer is, maar daar is vasgestel dat dit reeds in 1858 in die Kaapstadse Botaniese Tuin gegroei het. Die bome is aanvanklik aangeplant as skadubome en as 'n bron van vuurmaakhout, maar nadat dit bekend geword het dat die bas 'n tannieninhoud van 30% en meer bevat, is dit op groot skaal in kommersiële plantasies in Natal aangeplant en het spoedig die middelpunt van 'n groot en lonende uitvoerbedryf geword. In die Kaapprovinsie is dit ook reeds in die 1890's aangeplant om brandstoke in plantasies te vorm, maar hierdie bome is later aan hulleself oorgelaat. Van hierdie aangeplante bome het deur die Republiek versprei, sodat die swartwattel vandag volop is in Transvaal, Natal, Swaziland en die Kaapprovinsie vanaf die Sederberg in die weste tot by Transkei in die ooste. In 1973 het swartwattels 'n oppervlakte van sowat 180 000 ha in plantasies, en ongeveer 48 000 ha buite plantasies beslaan. Op daardie tydstip was daar sowat 1300 boere wat die bome gekweek het. In 1978 het swartwattels ongeveer 16 000 ha, of sowat 15% van die totale plantasie-oppervlakte van alle boomsoorte in die Republiek, beslaan.

Afgesien van plantasies, kom hierdie boomsoort algemeen langs paaie, riviere en slote voor. Dit is beperk tot gebiede met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van tussen 500 en 1 500 mm, hoewel dit hoë reënvalgebiede verkies. Dit groei van seevlak af tot op 'n hoogte van sowat 800 m. Dit verdra 'n sekere mate van blootstelling aan seelug en is redelik bestand teen droogte en ryp, hoewel dit die beste aard in 'n gematigde klimaat.

VOORTPLANTING

Die swartwattel vermeerder deur sade wat meer as 50 jaar, en moontlik selfs 80 jaar, kiemkrachtig bly. Die sade ontkiem nie dadelik nie, maar hoop onder die bome op. Saaddigtheid van tot 20 000 sade per vierkante meter is al onder ou bome waargeneem. Saadontkieming word deur vuur gestimuleer, en dan ontkiem feitlik al die sade wat die boom sedert die vorige brand gevorm het, gelyktydig. Daarom is digte ruigtes van swartwattel dikwels 'n kenmerk van gebrande gebiede.

Swartwattels hoef nie noodwendig 'n bedreiging vir die natuurlike plantegroei in te hou nie, mits die regte bestuurspraktyke net toegepas word. Daar moet in gedagte gehou word dat probleme op die volgende plekke kan opduik: waar wattelplantasies of afgekapte bome aan hulself oorgelaat word; waar wattels in 'n plantasie vervang word deur ander houtsoorte; waar die saailinge deur oorbeweiding geleentheid kry om 'n stuk veld binne te dring; waar die natuurlike plantegroei vernietig word,

byvoorbeeld langs paaie, of waar riviere die sade versprei.

Daar bestaan verskillende faktore wat tot die vinnige groei en verspreiding van die ingevoerde *Acacia*-soorte in Suid-Afrika bydra. In die eerste plek is die bome ingevoer sonder hulle natuurlike vyande, en word dus nie gestrem deur insekte en ander predatore of parasiete nie. Hulle word ook bevoordeel deur die gereelde veldbrande omdat 'n brand die kaal grond blootstel, die grond-pH verhoog, die sade van baie inheemse plantsoorte vernietig, en die wattelsade stimuleer om te ontkiem. Verder besit hulle, soos die meeste peulplante, wortelknoppies wat hulle in staat stel om lugstikstof te bind en so die arm grond aan te vul. Die meeste van hulle is baie gehard teen droogtes en die sade bly lank lewe. Hulle handhaaf ook 'n vinniger en meer volgehoue groeitempo as inheemse plante, sodat hulle digte stande kan vorm wat die inheemse plante verdring.

GEVARE

Die groot gevaar verbonde aan die aanplanting van swartwattels is dat hulle uit die plantasies kan "ontsnap" en langs riviere en paaie kan versprei. Hulle vorm dikwels ondeurdringbare ruigtes wat die natuurlike plantegroei heeltemal kan verdring, veral in die Kaapprovinsie waar inheemse woude en fynbos bedreig word. Die digte stande van swartwattels langs rivierlope belemmer dikwels die vloei van water.

WETGEWING

Ingevolge die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983) is die swartwattel in die hele Republiek tot 'n indringerplant verklaar, uitgesonderd op grond waarop dit kommersieel verbou word. As dit op enige ander plaaseenheid in die Republiek tot nadeel van die produksievermoë van die natuurlike landbouhulpbronne voorkom, moet dit doeltreffend beheer word.

BEHEER

Die volgende middels is geregistreer vir die chemiese beheer van swartwattel:

- 2,4-D/pikloram (dimetielamiensoute)
- glifosaat
- tebutiuron
- triklopir

Raadplaag asseblief die etikette vir die korrekte dosisse.

In die geval van minder ernstige besmettings kan saailinge met die hand uitgetrek word, jong boompies kan uitgegrawe word en ou bome kan afgekap word. Omdat onbehandelde bome egter weer sal uitloop nadat hulle afgekap is, moet bome of onderkant die aansluiting van die stam by die wortels afgekap word, of geringeleer word, of die afgekapte stam moet met chemikalieë behandel word.

Uitgegee deur die Departement van Landbou en Watervoorsiening en verkrygbaar van die Direktooraat Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria 0001

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur die Staatsdrukker, Pretoria